AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Koördineerder:*
# STUDENTEWELSTAND

PRETORIA

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het 'n pos vir 'n koördineerder: Studentewelstand in die Studentesake-afdeling beskikbaar. Die pos sal in Centurion gesetel wees.

## POSDOELSTELLING

Die koördineerder: Studentewelstand is verantwoordelik vir die koördineer en bestuur van proaktiewe bewusmaking van studentewelstand. Die posbekleër sal nou met die Studenteraad en die huiskomitees saamwerk en die pos sluit ook die bestuur en uitbrei van die Voogde-inisiatief in.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- reël, koördineer en bywoon van welstandsaktiwiteite
- implementeer en uitvoer van die mediese strategie
- onderhou verhoudings en netwerke met die gemeenskap en studenteomgewing
- bied ondersteuning binne die Studentesake-afdeling
- bevorder deelname deur ondersteuning van en betrokkenheid by welstandsaktiwiteite aan te moedig en te bevorder

## POSVEREISTES

- baccalaureusgraad (NKR-vlak 7)
- een tot twee jaar toepaslike ervaring
- 'n goeie begrip van studenteaktiwiteite sal in die kandidaat se guns tel
- kennis van Akademia en van die hoëronderwysomgewing in die algemeen
- toepaslike ondervinding in 'n hoëronderwyskultuur, studentelewe, koshuislewe, en/of projekbestuur sal in die kandidaat se guns tel

## VAARDIGHEDE

- uitnemende administratiewe en kommunikasievaardighede
- goeie probleemoplossings- en analitiese vaardighede
- deursettingsvermoë, die vermoë om onder hoë druk te funksioneer en take te implementeer
- projekgedrewenheid, vermoë om inisiatief te neem, doelgerigtheid en prioritiseringsvermoë
- goeie interpersoonlike verhoudings
- goeie rekenaarvaardighede

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 24 November 2025 ingedien word. Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.